# Afrikaans

## WEEK 8
## DONDERDAG

## Graad 5

Bron: Almal Verstaan Afrikaans( MacMillan)


Laerskool Mikro Kopiereg ©

# IDIOME:

Leer die volgende idiome en hul verklarings:

1) Ek gaan **geld soos bossies** maak met my vlieërs.

Ek gaan baie geld maak.



2) Ons kan nie in die toekoms met **’n mond vol tande staan** oor plastiekbesoedeling nie.

Weet nie wat om te sê nie; het nie antwoorde nie.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# LEES VAN INSTRUKSIETEKS:(Maak dan die houer)

## MAAK JOU EIE HERWINDE SKRYFBEHOEFTEHOUER:

**Jy benodig:**

- ’n leë plastiekbottelhouer(koeldrankbottel van enige grootte) sonder die etiket of plakker
- versierings bv. plakpapier, plakkers, kraletjies, knopies, geskenklint ens.
- gom om die versierings mee vas te plak
- skêr
- liniaal
- enigiets waarmee jy merkies op die bottel kan maak

Laerskool Mikro Kopiereg ©

## Instruksies:

1) Steek jou skêr in die gaatjie en knip versigtig in die rondte om die boonste deel van die bottel af te knip.
2) Knip ongelyke stukkies plastiek af tot die rand mooi glad is.
3) Meet met jou liniaal en maak merkies 2 cm onderkant die geknipte rand.
4) Knip kepies 2 cm diep en ongeveer 1 cm uitmekaar in die rand. Maak seker dat jy al jou kepies ewe diep knip.
5) Vou nou die geknipte stukkies plastiek met jou vingers in na die binnekant van die bottel.
6) Versier dit soos jy wil.
7) Sit jou skryfbehoeftes in en ruim op waar jy gewerk het.

Laerskool Mikro Kopiereg ©